


ONS EIE TAAL
SERIE

BOEK 4.
IN DIE DORP
Sub-Standerd B.



LONGMANS & CO
LONDEN · NIEUW YORK · BOMBAY,
CALCUTTA EN MADRAS.

skb
372.412
BLO



DIE DORF.

ONS EIE TAAL
OORSPRONKLIKE LEESBOEKIES IN SUIWER AFRIKAANS

IN DIE DORP

Boek IV

VIR

SUB-STANDERD B

DEUR

TH. BLOK

ONDERWIJZER AN DIE VOORBEREIDENDE TEGNIESE SKOOL,
BLOEMFONTEIN

EN

W. G. WESSELS

INSPEKTEUR VAN SKOLE IN DIE O.V.S.

MET ILLUSTRASIES

LONGMANS, GREEN EN CO.
39 PATERNOSTER ROW, LONDEN
NIEUW YORK, BOMBAY, CALCUTTA, EN MADRAS

1917

GEDRUKT IN GROOT-BRITTANJE
DOOR WILLIAM CLOWES EN ZONEN, BPKT.,
BECCLES.

VOORBERIG

BEGINSELS, wat ons gevolg het :

1. Die *geskrijve letter* is maar die sigbare voorstelling van die *klank*, soos hij gehoor word in die woord, wat uitgespreek word.

Eers moet die kind daarom leer, die *woorde in klanke te ontbind*, en van die *gehoorde klanke woorde te maak*.

2. Behalwe 'n enkele uitsondering gee ons net steeds *een moeilijkheid te gelijk*.

As beginsel 1 goed in ag geneem word, sal die *opklimming in moeilijkheid haas onmerkbaar wees*.

3. Die letters word geleer uit woorde en sinne.

4. Ons probeer om *die kind te laat denk*.

Ons gee nie *onmoontlike kombinasies van woorde* sonder betekenis nie. Wat ons gee, kan 'n kind verstaan, omdat alles *uit die omgewing van die kind* geneem is.

5. Ons blij so na moontlik an die hollandse taal.

6. Ons volg die spelreëls van die Zuid-Afrikaanse Akademie.

7. Ons gee baje tekenings, soveel moontlik voorstellinge van aksies. Dit doen die kind die les beter verstaan en hij krij daar meer belangstelling voor.

Hij sien, wat hij gelees het, nou ook in tekenings voorgestel. Die inhoud van die les word deur die tekenings verklaar.

Hiermee word duidelik, dat die tekenings *nie op sigself staande illustrasies* is nie, maar dat hulle nie van die leeslessies af te schei is nie.

Woord en beeld werk hand an hand, om die inhoud van die boekies begripelik te maak. Dit sal duidelik wees, dat dit hier-deur vir die kind bijna onmoontlik is, om enkel woorde te lees, sonder dat die inhoud tot sijn harsens deurdring.

8. Bijna van die begin af gee ons *aaneengeskakelde lessies* bestaande uit heel eenvoudige woorde. Dit bevorder die *belangstelling* en die *natuurlike leestoon*.

Dit word nou tijd, dat nie meer elke uitspraak van die afrikaanse taal toegelaat word.

Net so as *elke beskaafde taal* 'n *standaard-uitspraak* het, behoort dit die geval te wees met die *afrikaanse taal*. Daarom gee ons 'n paar mondstande, soos die gesien word bij die

uitspraak van klanke, wat volgens onse mening, nog te dikwels verkeerd gevorm word. Eers het ons die hele klankleer wil behandel, maar die vrees, dat die voorberig dan te lank sou word, het ons doen besluit, ons voorlopig tot die noodsaaklikste te beperk.

In *afwijking van die reëls van die akademie* en van die *nederlandse spelling*, verdeel ons die *nk* en *ng* nie in twee nie.

Dit voorkom verwarring bij die kind. *nk* en *ng* is 'n *dubbele letterteken*, maar 'n voorstelling van 'n *enkelvoudige klank*. Ons verdeel daarom so: dank-ie (wat ook histories beter is), hong-er.

Waar die wisselvorme: ik is honger, vaak en ik het honger, vaak, bestaan, het ons die laaste gekies, om so na moontlik an die Hollands te blij.

Van die dubbelvorme: dink, denk, gebruik ons in die begin gewoonlik die eerste. Later voer ons ook die tweede vorm in.

Eindelik: ons het geprobeer, aan die suid-afrikaanse kind sijn *eie omgewing* te laat sien en te leer bewonder in sijn EIE TAAL.

TH. BLOK.

W. G. WESSELS.

INHOUD


BOEK 4

LES	BLADSIJ
1. Naar die dorp	9
2. Bij die uitspanplek	10
3. Oor die brug	12
4. In die dorp (1)	14
5. „ „ „ (2)	16
6. Op die brug (1)	18
7. „ „ „ (2)	20
8. „ „ „ (3)	22
9. „ „ „ (4)	23
10. Oom en Koos soek vir Jaap	25
11. Jaap gaan winkels kijk	26
12. Op die voetbalveld	28
13. Bij die wa	30
14. Jaap het dors	31
15. Jaap pap nat	33
16. Na die reën	34
17. In die kerk	36
18. Bij die smid (1)	38
19. „ „ „ (2)	40
20. Naar huis	41

LES I

NAAR DIE DORP.

1. Vrij-dag mid-dag, net soos hulle af-ge-spreek het, gaan die men-se dorp toe. Dit was 'n he-le bok-wa vrag. Daar is



tan-te, mees-ter, Koos en Jaap, wat mee gaan. En dan nog oom, wat die os-se drijf. Dis 'n hele ge-sel-skap. Jaap voel

nie lek-ker nie, dat mees-ter
bij hul-le is. Maar mees-ter
het net ge-lag en niks ge-sê
nie.

2. Hul-le moet ver rij, voor hul-le
in die dorp kom. Daar-om, sê
oom, sal hul-le bij die spruit
uit-span en eet.

Jaap dink, dat dit lek-ker sal
wees. Die ke-tel op die vuur-
tjie, bil-tong en brood en koffie,
so maar op die kaal grond, dit
sal te heer-lik wees.

LES II

ê	wê-reld
sê	kê-rel
lê	bê-re
hê	

BIJ DIE UIT-SPAN-PLEK.

1. Die os-se is moeg. Toen die wa
bij die spruit kom, hou oom

stil. Gouw, gouw word die os-se uit-ge-span en die vuur op-ge-maak, om die kof-fie-wa-ter te kook. Booi gaan so lank



met die os-se wei en oom en tan-te hul-le sit of lê rond-om die vuur-tjie.

2. Kê-rel, sê oom vir Jaap, maar
jij lê mos lek-ker in die wij-e

wê-reld. Is jy nou nog bang vir mees-ter?

3. Jaap kouw net 'n stuk bil-tong, wat hij van sijn tan-te ge-krij het. Hij gee daar-om gin antwoord nie, maar hij dink:
4. Ik wou tog, dat daar die man lie-wers in die skool ge-blij het.


LES III

brug	brû-e
	mô-re

OOR DIE BRUG.

1. Die os-se is nou weer uit-ge-rus. Die kof-fiehetlek-ker ge-smaak en die bil-tong ook. Nou is al-man weer fris. Die os-se word in-ge-span, en weg rij hul-le weer. Net die swart as word nog ge-sien, waar hul-le uit-ge-span was.

2. Een paar uur la-ter kom hul-le bij een van die brû-e van die ri-vier. Daar moet hul-le eers oor die brug, om in die dorp te kom. Bo op die brug kijk



- Jaap oor die leu-ning in die ri-vier.
3. Sê nou, die brug breek! Hul-le sou al-man dood wees. Hoor, hoe skud hij! En jij kan hom

sien be-weeg. Dis tog 'n ang-
stige ge-sig. Ge-luk-kig, hul-
le is nou vei-lig daar oor.
Maar oor-mô-re het jij die-self-
de ding weer.

LES IV

IN DIE DORP.

1.

1. Dig bij die kerk is die uit-span-
plek. Daar is al ba-je an-der
os-se-waans. Al-man het in-
ge-kom vir die nag-maal.
2. Om-dat dit nou al laat is, word
gouw ge-ëet, en dan gaan slaap
hul-le. Die bok-seil is oor die
wa en dit maak dit on-der die
wa net of dit 'n ka-mer-tjie is.
3. Tan-te maak daar twee bed-
dens en die slaap-ka-mer vir
mees-ter, Koos en Jaap is

klaar. Oom en tan-te slaap in die tent van die wa. Hul-le trek uit en gaan slaap.



4. Maar daar is so ba-je ge-praat bui-te-kant en al-les is so vreemd vir Jaap, dat hij maar laat an slaap raak.

LES V

ë

hoog - ho-ë - ho-ër

droog - droë - dro-ër

'n ho-ë boom

die boom is nog ho-ër

'n dro-ë streek

IN DIE DORP.


2.

1. Die vol-gen-de mô-re krij Koos en Jaap ver-lof, om te gaan rond-loop in die dorp.

Koos, Koos! Is jij ook hier?

Ik het met mijn pa saam gekom. Gaan jul-le saam? Ik gaan naar die ho-ë brug toe. Ik glo nie, daar is ho-ër brû-e as daar die een nie.

2. Dis goed Frans. So 'n ho-ë brug is vir mij te mooi. Kom, dan gooi ons klip-pies in die wa-ter. Dan moet jij sien, hoe



- lang dit vat vir die klip, om in die wa-ter te val.
3. Ik gaan nie saam nie! sê Jaap. Hoor, Jaap is bang vir ho-ë brû-e!

LES VI

breed - bre-ër.
leeg 'n le-ë sak.
re-ël
te-ën
re-ën

OP DIE BRUG.


1.

1. Kom gaan saam Jaap! tog,
Jaap!

Jaap word nou skaam en gaan
saam. Hij loop so bang, bang.

2. Toen hul-le bij die brug kom,
staan hul-le so te-ën die leu-
ning en loer naar die wa-ter
on-der.

Jaap sijn hart klop so-maar, so
bang is hij. Hul-le gooi klip-
pies in die ri-vier en luis-ter,
hoe dit “doems!” in die wa-
ter val.



3. Nou sal ons Jaap oor die leu-ning gooi, dan val hij in die skuit.

Jij sal nie, sê Jaap, en hard-loop oor die brug. Maar van die an-der kant kom net 'n man, wat op 'n jong perd rij.

Die perd stij-er en spring ba-je. Jaap leun toen te-ën die kant van die brug. Wat nou? Dis mos gin bre-ë brug nie!



LES VII

dof - dow-we
grof - grow-we
'n dow-we pijn

OP DIE BRUG.

2.

1. Ik glo, dat die perd net so bang is vir die brug as Jaap. Sijn baas wil oor die brug. Die perd wil nie. Die rui-ter slaan hom met sijn sam-bok en word so kwaad, omdat sijn perd nie ver-der wil loop nie, dat hij maar an-hou met slaan.
2. Dit maak die perd wild. Hij spring en kap en skop ag-ter op. En dit al-les op die smal-le en ho-ë brug.

3. Daar vlie die perd om, kap vir Jaap raak met sijn poot en hard-loop weg.




Jaap skreeuw net “ij-na,” voel
'n dow-we pijn en weet van
niks meer nie.

LES VIII
koe-ël
spie-ël
OP DIE BRUG.

3.

1. Koos en Frans skrik ba-je, toen
hul-le sien, wat ge-beur het.



Hul-le hard-loop so 'n toe, om
hom te help. Maar hul-le sien

gouw, hul is te klein, om te help.

2. Koos sal oom gaan roep, en Frans sal bij hom blij. Koos hard-loop soos hij nog nooit ge-hard-loop het nie. Men-se sien hij nie, waans ook nie. Hij gaan am-per so gouw as 'n koe-ël uit 'n ge-weer.
3. Gouw, gouw, is hij bij die wa van oom op die kerk-plein. Daar sien hij zijn oom en vertel hom haas-tig met tra-ne in zijn o-ë, wat met Jaap gebeur het.

LES IX


OP DIE BRUG.

4.

1. In die tijd, wat Jaap weg is, om vir zijn oom te roep, het 'n rij-tuig ge-kom. Die man van

die rij-tuig is die dok-ter van die dorp. Hij sien die kind, hou stil en lê hom in die rij-tuig.

2. Frans moet mee, om die dok-ter sê, wat ge-beur het. Ver-



sig-tig rij die dok-ter nou naar zijn huis met Jaap en Frans.

3. Daar kom oom en Koos op die brug. Na-tuur-lik sien hul-le Jaap nie en Frans ook nie. Koos huil vrees-lik, toen hij sien, dat zijn boe-tie weg is. Oom dink : waar kan hij wees !

LES X

OOM EN KOOS SOEK VIR
JAAP.

1. Oor-al gaan vra oom en neef
vir Jaap. Maar gin mens het



hom ge-sien nie. Nou dink
oom: dit is bes moont-lik,
dat die men-se, wat vir hom

ge-vind het, hom naar die dokter ge-bring het.

2. Daar-om gaan hul-le nou dokter toe. Hul-le klop an, en net soos oom ge-dink het, vind hul-le nou ook uit. Jaap is daar.

3. Maar wat nog lek-ker-der is, daar kom hij waar-lik al self an:

Hij lijk al-leen maar 'n biet-jie bleek en het 'n groot wit doek om s'n hoof.

LES XI


JAAP GAAN WIN-KELS KIJK.


1. Koos is ba-je blij, dat Jaap weer be-ter voel. Maar nou hij met hom deur die dorp wan-del, moet hij tog tel-kens 'n biet-jie lag.

2. Op-eens sê hij. Jaap, maar jij
lijk nes 'n ver-
keer-de os. Jou
ho-rings sit ver-
keerd! Jaap moet
self lag, as hij die
twee pun-te van
die doek voel.



3. Al die men-se, wat
hul-le pas-seer, kijk hom an.
Koos sien dit ook, en nou sê
hij.






4. Jaap, maar al die men-se dink jij is 'n jong os-sie. Ik sal 'n touw an jouw ho-rings vas-bind.

LES XII

OP DIE VOET-BAL-VELD.

1. Koos gaan nou met Jaap naardie voet-bal-veld. Hij is ba-je lief vir die voet-bal-spel en nou wil hij Jaap ook leer.
2. Kijk Jaap hoe skop hul-le. Daar gaan hij! Al-le wê-reld, dit is 'n skop! Sien jij, hoe hard-loop hul-le?
3. Waar-voor skreeuw die men-se so? vra Jaap? Wil hul-le die an-ders bang maak?


4. Og, wat, dis om hul-le so goed speel! Hul-le het hom oor daar die paal ge-skop.
5. Waar-om is hul-le so snaaks an-ge-trek? Waar-om is hul-le



- broe-ke so kort? Ik vind hul-le le-lik!
6. Og, man! jij is nog te klein. Jij ver-staan ook niks nie. Maar daar-om is jij ook 'n klein os-sie! Trek!

LES XIII
BIJ DIE WA.

1. Net soos hul-le bij die wa'kom,
sê tan-te. Kom, kin-ders, ons
gaan eet.



Dit is 'n won-der-li-ke ge-sig,
daar op die plein. Oor-al

wa-ens, oor-al vuur-tjies, oor-al men-se om die vuur-tjies. Hul-le sit nou ook so. Oom en tan-te het veld-stoel-tjies. Koos en Jaap sit op le-ë kas-sies. Hul-le eet brood, biltong, be-skuit; hul-le krij ook kof-fie.

2. Dis tog 'n snaak-se ma-nier van eet. Maar al-les smaak tog lek-ker. En oor-al hoor jij praat en lag. Daar is tog ba-je men-se, wat nag-maal toe gaan!

LES XIV

JAAP HET DORS.

1. Jul-le moet nou bij die wa blij. Ons gaan oor 'n uur kerktoe!
2. Ja, oom, sê Koos. Wat sal hul-le in die kort tijd-jie nou maak?

Nou ja, dan sal hul-le maar 'n
biet-jie rond-loop langs die an-
de-re wa-ens.

3. Jaap krij dors. Daar-om loop
hij naar die wa. On-der die



buik van die wa hang die
vaat-jie met wa-ter.

4. As jij die prop uit-trek, krij jij
wa-ter. Jaap vat die be-ker
en trek die prop uit.
5. Net soos die be-ker vol is pro-
beer hij die prop in te steek.
6. Ar-me Jaap! Dis vir niet, om

vir jou te leer, sê oom. Dis ook vir niet vir jou om te pro-beer, om die prop in te druk.

LES XV

JAAP PAP NAT.

1. Die wa-ter blij stroom. Jaap sit sijn be-ker op die grond.




- Tap, tap, tap! gaan die wa-ter. Nou loop die wa-ter ook uit die o-ë van Jaap.
2. Dit re-ënt ba-je on-der die bok-seil. Dit stroom al oor die

- grond. Die wa-ter loop net soos 'n spruit-jie na die re-ën.
3. A, ja! Daar loop die spruit-jie langs die bul-sak. Jaap ruk die bed weg. Die spruit-jie volg die bed.
4. Met al die moei-te is Jaap ba-je nat ge-word. Maar ge-luk-kig, nou is die vaat-jie leeg. En die o-ë van Jaap is ook leeg. Die re-ën het ein-de-lik op-ge-hou.

LES XVI

NA DIE RE-ËN.

1. Jaap kijk naar zijn baat-jie. Dis nat. Nou kijk hij naar zijn broek. Die is nog nat-ter. Toen kijk hij naar zijn skoe-ne. Nee, kijk, hul-le is heel-te-maal nat.
2. Wat nou? Wat sal tan-te sê?



En dis die kle-re,
wat hij vir die
kerk an-ge-trek
het! Hij sal klop
krij.

3. Daaristan-te. Wat
maak jij daar,
Jaap? Waarkom
die wa-ter van-
daan? So, het jij


die vaat-jie laat leeg loop? En
jij is ook heel-te-maal nat?
En net nou
is dit tijd
vir die
kerk!

4. Daar re-ën
dit weeruit
Jaap zijn
o-ë. Hij
huil, dat jij
dit drie
maal tien tree-ë ver kan hoor.



LES XVII
IN DIE KERK.

1. Maar tan-te weet raad. Gouw
word die nat kle-re uit-ge-



trek en Jaap krij sijn ou baat-
jie, sijn ou-e broek en sijn
veld-skoe-ne an.

2. Daar is gin tijd vir 'n pak. Die men-se gaan al kerk toe.
Wel-dra sit Jaap naas sijn tante en oom in die bank. Koos sit an-der kant oom.
3. Van wat do-mi-nee sê, ver-staan Jaap ba-je min. Hij is ook te ver-won-der om te luis-ter. Hij kijk oor-al rond. Dis ba-je ho-ë mu-re. Dis waar-lik mooi hier. En wat is daar vrees-lik ba-je men-se!
4. Die or-rel speel so mooi, as do-mi-nee stil blij. En al die men-se sing dan mee. Een ver-sie ken hij ook. Dis so :
5. Prijs de Heer met blij-de gal-men ;
Gij, mijn siel hebt rij-ke stof.
'k Sal, so lang ik leef, mijn psal-men
Vro-lik wij-den aan sijn lof ;

'k Sal, so lang ik 't licht ge-
niet,
Hem ver-ho-gen in mijn lied.

Jaap was blij, toen die kerk
uit-gaan.

LES XVIII


BIJ DIE SMID.

1.


1. Oom moet die smid nog sien
oor 'n ploeg van oom. En om-
dat hul-le Jaap na wat ge-beur
is, lie-wers nie meer al-leen
wil laat, mag hij met oom mee.
2. Jaap is ver-baasd oor daar die
ba-je ploe-ë van die smid.

Maar nog veel meer, toen hij die vuur sien.

3. Dis snaaks: Net soos die booi an die ket-ting trek, brand die vuur vre-se-lik hard.



4. Wat maak die smid nou? Een hoef-ijs-ter maak hij heet in die vuur! Kijk nou! dis gloei-end! Nou hou hij dit te-ën die perd sijn poot! Ar-me




dier! Hij sal seer krij. Sijn poot brand! Jij kan dit ruik. Die rook trek so maar so!

5. Blij stil, Jaap! Die perd voel niks nie. Is dit nie wonder-lik nie?

LES XIX BIJ DIE SMID.

2.

1. Jaap kan dit nie ver-staan nie. Net soos hij an die stoof raak, brand hij en krij hij seer. En as jij 'n perd met die sweep slaan, voel hij dit ba-je goed.



2. Jaap is blij, dat hij gin perd is nie. Want kijk, dit word nog er-ger. Die smid slaan spijkers in sijn po-te, en tog kom daar gin bloed uit nie!
3. Ge-luk-kig sit sijn skoe-ne nie an sijn voe-te vas nie. Hij kan hul-le so maar uit-trek. Die perd sijn skoe-ne sit vas.
4. So 'n smid is tog 'n straw-we man. Hij wil la-ter, as hij groot is, gin smid wees nie. Nee, hij wil boer word, net soos oom.


LES XX

NAAR HUIS.

1. Dit is wel lek-ker op die dorp, maar nee, kijk, jii weet nooit wat jii sal speel nie.

Al jouw speel-goe-ters is bij die huis.

2. Jaap is blij, toen dit Maan-dag-mô-re is. Nou laat oom die os-se haal. Koos is met oom



mee. Jaap moet vir tan-te help.

3. Oor-al sien jij nou net os-se, boois wat in-span en wa-ens, wat al trek. Mees-ter, wat

in een lo-sies-huis ge-blij het,
is ook daar.

4. Niet te lank nie, en al-les is op-ge-laai. Die sweep klap weer, en nou gaan dit huis toe. Bij die ho-ë brug kruip Jaap diep in die wa. Hij wil niks van die brug sien nie.

As hul-le ein-de-lik weer op die plaas is, is gin mens so blij as Jaap.

